

Koos Fourie se Abandoned Garub Station.


Rensia Fourie se String Attached.

# Geen pandemie stuit fotograwe nie


Chris Bester se Kolle in die gras.

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlpark-se Fotografiese Vereniging is tans soos die res van die wêreld, in 'n grendelstaat en daarom moes aanpassings gemaak word.

Gelukkig is fotograwe kreatiewe mense en kon planne vinnig gemaak word. Geen pandemie sal 'n fotograaf onderkry nie: ou foto's is weer opgesoek en allerhande nuwe planne is gemaak sodat maandelikse klubinskrywings kon voortgaan.

Tydens Junie se klubbyeenkoms kon lede ook in twee redelik nuwe afdelings inskryf: mini-reekse (storie sonder musiek) en oudiovisuele-afdeling (storie mét gepaste musiek). In beide hierdie afdelings was senior-fotograaf, Renée Storme die wenner. Die aanlynkompetisie waar enige foto ingestuur kan word, is deur klubvoorsitter, Koos Fourie, met Abandoned Garub Station gewen.

In die oop-afdeling waar enige foto vertoon mag word was Rensia Fourie die senior-afdeling wenner (4, 5 Ster en hoër graderings) met String Attached. In die junior-afdeling (1 tot 3 Ster) was Chris Bester se "Kolle in die gras" die wenfoto.

In die monochroom-afdeling was Elsje Vermeulen se This is a holy place die senior-wenfoto, en Chris Bester se "Begin" die junior-wenfoto.

Die maandonderwerp se tema was menslike emosie en foto's het van pret tot hartseer gewissel. Johan Brits (Meester-platinum fotograaf) se "Caught in her own thoughts" was die senior-wenfoto en Chris Bester se "Hooked" die junior-wenner.

In die kreatiewe-afdeling was Elsje Vermeulen se "It's the end of the world as we know it" die wenfoto. Al die wenfoto's kan op die klub se amptelike webtuiste www.vdbp-photo.org besigtig word.

Julie is die klub se jaareind-kompetisie en verskeie pryse geborg deur S.T.O.N.E.S Planthire is op die spel.

Afhangende van wat die Corona Beheerkomitee se besluit sal die klubaand virtueel of by Klip River Estate aangebied word.

Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsa-wa@yebo.co.za

**** Besoek gerus die klub se webtuiste http://www.vdbp-photo.org en Facebook-blad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.***


Elsje Vermeulen se This is a holy place.


Johan Brits se Caught in her own thoughts.


Elsje Vermeulen se It's the end of the world as we know it.